Nuusbrief • Augustus **2017**

ecsponent
Belê met die tye

ecsponuus

Laer rentekoerse wink

Die Monetêre Beleidskomitee van die Reserwebank (MBK) sal waarskynlik rentekoerse vir minstens die volgende jaar of twee bly verlaag.

Die aanvang van 'n slapper monetêre beleid – ook bekend as die duif-era – is verlede maand ingelei toe die MBK die repokoers (koers waarteen kommersiële banke geld by die SA Reserwebank leen) met 25 basispunte (0.25%) van 7% tot 6.75% verlaag het.

Dit het die primakoers (koers waarteen banke geld aan verbruikers leen) van 10.50% tot 10.25% verlaag, 'n stap wat kapitaalbesteding en verbruikersvertroue sal aanmoedig.

Dit is die eerste van minstens drie koersverlagings wat vanjaar en aanstaande jaar in Suid-Afrika verwag word. Dit beteken die repokoers kan oor 'n jaar op 6.25% (primakoers op 9.75%) staan!

Die nuwe era van laer koerse en sagter monetêre sentiment beklemtoon die belangrikheid van vaste koerse. Beleggers sal na verwagting al meer na vaste beleggingsgeleenhede begin soek.

Ecsponent se Klas A voorkeuraandele bied, byvoorbeeld, 'n vaste brutokoers van 10% per jaar wat maandeliks betaal en 'n vaste kapitaalgroeikoers van 11.2% op sy Klas B voorkeuraandele. Die koerse sal dus nie daal as die repo-/primakoers verder daal nie.

Die voordeel van 'n vastekoers belegging is dat jy nie blootgestel is aan dalende opbrengste nie. Jy weet presies wat jou opbrengs gaan wees en kan daarvolgens begroot.

Wat is bepalend vir laer rentekoerse?

Inflasie moet afneem

Inflasie en die verwagtings vir inflasie sal 'n groot rol speel in die MBK se besluit om rentekoerse verder te verlaag of nie. Inflasie is sedert laat 2016 weer onder 6% en in Junie was inflasie op 'n jaargrondslag van 5.1%, wat beteken pryse was toe 5.1% hoër as in Junie 2016. Die inflasiekoers sal in Julie na verwagting onder die 5% daal. Hoe meer die inflasie na die middel van die teikenband van tussen 3% en 6% beweeg, hoe groter sal die moontlikheid van laer rentekoerse raak. Die daling van die internasionale olieprys kan ook tot laer inflasiekoerse in lande soos Suid-Afrika lei. Daar word tans verwag dat die prys van petrol en diesel onderskeidelik met 68c en 60c sal afneem. Ons weet ook dat die droogte in die noordelike dele van die land gebreek is nadat dit tot inflasie (stygende kospryse) aanleiding gegee het.

Rand moet verder verstewig

Ten spyte van die afgradering van ons buitelandse krediet, het die rand die afgelope paar maande sterker teenoor die meeste geldeenhede presteer. In Junie was die rand gemiddeld 12% stewiger as in Junie 2016. Die rand sal egter aanhou wissel tot ons groter bestendigheid op die politieke front kry.

Meer kredietverlening

Kredietverlening aan die private sektor is die afgelope paar maande ook besig om te taan en 'n rentekoersverlaging is die aangewese stap om geld in omloop te laat toeneem. As die repokoers met 50 basispunte verlaag word, en alle skuldpaaiemente soortgelyk verlaag word, sal verbruikersbesteding binne 'n jaar met R15 miljard verhoog word. Die verlaging in koerse bied natuurlik die ideale geleentheid aan verbruikers om hul skuld te verminder.

Kleiner tekort op lopende rekening

Die tekort op die lopende rekening (verskil tussen in- en uitvoere) het ook as persentasie van die bruto binnelandse produk (BBP) gedaal van 4.4% in 2015 tot 3.3% in 2016. Die tekort kan vanjaar tot so min as 2.5% verklein wat die wisselkoers kan bevoordeel en druk op plaaslike spaarbronne laat afneem.

Laer rentekoerse in die VSA

Rentekoerse in die VSA kan dalk weer begin daal. Dit volg nadat inflasie in die VSA laer neig en moontlik verdere rentekoersverhogings striem. Dit sal goeie nuus vir Suid-Afrika wees waar dit die rand sal onderskraag en kapitaalvloei na die land sal verbeter. Laer Amerikaanse koerse kan beteken dat geld weer na ontluikende lande kan begin terugvloei.

Suid-Afrika bly egter baie kwesbaar wat internasionale beleggingsentiment betref. In dié opsig is krediet-afgraderings baie belangrik en verdere afgradering van Suid-Afrika se rand-skuld kan die rand verder verswak.

Laer rentekoerse sal egter nie noodwendig ekonomiese groei bevorder nie, aangesien 'n wye reeks strukturele veranderinge nodig is om stukrag aan die ekonomie te gee.

Korrupsie, staatskaping en die bewind van pres. Zuma kniehalter die ekonomie en dit is belangrik dat hierdie faktore aangespreek word om groei te bevorder.

Die politieke onsekerheid skep nie 'n gunstige beleggings-klimaat nie en sonder beleggings sal geen werk geskep word nie. Sowat 34.4% of 9.3 miljoen mense is tans werkloos in Suid-Afrika en dit kan toeneem namate die politieke risiko's vergroot.

Ecsponent is deeglik bewus van die behoefte aan vasgestelde opbrengskoerse en is tans besig met die samestelling van verdere finansiële produkte met vaste koerse. Dit word binnekort vrygestel.

Slyp jou beleggingsvernuf

Kennis kan 'n reuse-verskil aan jou finansiële toekoms maak. Deur in jouself te belê, is die beste belegging wat jy kan maak. Soos die ou spreekwoord lui: "'n Belegging in jou eie kundigheid betaal altyd die beste dividende."

Dit stel jou in staat om teenstrydige finansiële advies te evalueer en seker te maak dat jou keuse en besluite rondom jou beleggings by jou unieke tydsraam, doelwitte en voorkeure pas.

Selfs as jy beleggingsbesluite delegeer, bly die verantwoordelikheid joune. Jy besluit wie jy as adviseur aanstel, maar as iets skeef loop, is jy die een wat daardeur geraak word.

Skei die koring van die kaf

Die meeste beleggingsadvies is generies van aard en nie op jou eie persoonlike situasie geskoei nie.

Daarom is dit soms oorweldigend wanneer jy teenstrydige advies ontvang. Een kundige sal jou aanraai om te diversifiseer, terwyl 'n ander sal maan dit bring slegs minimale opbrengste. Een raai aan jy moet eers jou skuld betaal, terwyl 'n ander glo daar is goeie skuld om welvaart mee te bou. Een sal sê aandele is die pad tot welvaart, terwyl 'n ander sal sê eiendom is die sement en bakstene wat groei en sekuriteit bied. Hoe moet ons die regte keuses maak as selfs die kundiges van mekaar verskil?

Jy is 'n unieke individu met jou eie vermoëns, agtergrond en ondervinding en jy het jou eie oplossing nodig wat vir jou werk en van die ander verskil. Dit is net jy wat jou eie behoefte kan verstaan en besef dat een "geldelike" skoen nie almal pas nie!

Leer eerder om die koring van die kaf te skei en skep lewenslange finansiële sekuriteit in teenstelling met voortdurende uitstel of verkeerde keuses wat jou skepping van welvaart in die wiele kan ry.

Belê in jouself

Baie sê hulle het nie die tyd of geld om in hul eie finansiële kundigheid te belê nie. As jy dink dit is te duur, vra wat onkunde jou sal kos?

Dit is ook gevaarlik om 'n miljoen rand se beleggingsbesluit te neem met net 'n duisend rand se finansiële intelligensie. Jou finansiële intelligensie bepaal die plafon van jou welvaart en jou finansiële intelligensie werk soos saamgestelde groei: hoe meer en langer jy daarin belê, hoe groter is jou finansiële opsies en welvaart.

Leer uit jou foute

Ingeligte mense maak ook beleggingsfoute en ontdek so hul eie onkunde. Jy kan nie alle slaggate vermy nie, maar jy kan leer uit jou foute en dit reg bestuur as jy daardie finansiële opvoeding het.

Dit is opvoeding wat jy nie op skool of op universiteit leer nie. 'n Goeie voorbeeld daarvan is 'n onlangse gesprek op radio met 'n jong BCom Rekeningkunde gegradueerde. Met die eerste salarisbetaling vra die werkgewer of die pensioen by 'n effektetrust inbetaal moet word. Toe weet die jong man nie wat 'n effektetrust is nie.

Die werkgewer wou voorts weet watter bateklasse verkies word. Die jong man vra toe watter bateklasse daar is. Kontant was al wat vir hom bekend geklink het en daar het sy geld maande lank gelê voor die man besef het hoeveel hy verloor.

Dit is die verhaal van baie mense. Die onkunde van ons jeug word dikwels voortgesit in 'n lewenslange finansiële reis van geldelike mislukkings en finansiële terugslae.

Jou eerste belegging

Jongmense wat pas begin werk, word dikwels oorval deur agente wat veral begrafnispolisse en lewensversekering aan hulle wil verkoop. Bitter min van hulle belê egter van meet af aan in 'n belegging wat saak maak en wat welvaart in die toekoms sal skep.

Die eerste plig lê by ouers en skole, maar die werkgewer het ook 'n groot plig, trouens 'n verantwoordelikheid, teenoor jong werknemers om seker te maak hulle verstaan die belangrikheid van spaar en om vroeg te begin belê.

Lewenslange reis

Om finansieel kundig te bly, is egter 'n reis wat lewenslank voortgesit moet word. Dit begin daarby om vroeg te belê, finansiële dissipline te handhaaf en dan die voortgesette verbreding van jou kennis van persoonlike finansies en ervaring met verskeie finansiële produkte.

Ecsponent is aktief betrokke by programme om finansiële kundigheid onder mense te bevorder en Jan Alleman te leer oor finansiële sake en die waarde van beleggings.

Ons jongste program, "Jy Geld" is Sondagaande om 18:00 op Kyknet (kanaal 144) te sien. Die programreeks fokus op vroue en hul persoonlike finansies en gee wenke oor hoe om die lewe met groter geldvernuf aan te pak. Die eerste programme het gegaan oor die meriete van beleggings, gevare van skuld en hoe om jou salaris te bestuur.

Jý Geld

ecsponent.com

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100
Eerste Vloer, Acacia House, Green Hill Village Office Park, H/v Botterklapper & Nentabosstrate, Die Wilgers, Pretoria
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • Sesde Vloer, Exponential Building, Plot 54351, New CBD,Gaborone
Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.